

13 November

Skrifgedeelte: Handeling 2:42 (NAV)
Fokusgedeelte: Handeling 2:42 (NAV)

Die vreugde van kerkwees

In Artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis lees ons wat die merktekens van die ware kerk is.

Hier in Handeling 2 lees ons wat die kenmerke van een van die eerste gemeentes was ná die uitstorting van die Heilige Gees. Daar was 'n totale eensgesindheid onder lidmate en oorgawe aan die leer van die apostels. Die apostels het die Woord aan hulle verkondig en só die fondament van die kerk gelê. Hulle het in Christus aan mekaar verbonde gevoel – en gebonde en gedring deur die Gees het hierdie broers en susters na mekaar in liefde uitgereik. Sonder liefde en 'n onderlinge band kan ons vandag ook nie sê dat ons werklik broers en susters in die Here is nie.

Die gemeenskaplike maaltyd het in daardie tyd 'n baie belangrike rol gespeel. Om brood saam te breek, was vir gelowiges die simboliek van gemeenskap met mekaar, maar ook met die Here. Afgesien van die Nagmaalsviering in ons gemeentes behoort ons ook saam om 'n tafel te gaan sit en saam te eet om so as gelowiges met mekaar gemeenskap te hê. Ons sien dat hierdie eerste gemeente saam in gebed volhard het. Gebed in die erediens en in alle fasette van 'n mens se geloofslewe is tog so belangrik. 'n Kerk wat nie bid nie en gelowiges wat nie tot die Here en vir mekaar bid nie, is soos 'n dooie liggaam, dit haal nie meer asem nie. Bid jy nog? Bid ons nog vir mekaar?

Hierdie kenmerke van die eerste gemeentes spoor ons aan om te gaan kyk of ons nog kerk is soos wat die Here dit in sy Woord uitstippel. Vandag bly die Woord nog steeds die fondament van die kerk van ons Here Jesus Christus.

Sing: Skrifberyming 15-1:1-4 (wysie Psalm 116)

Ds. AH Steyn (Lydenburg)